RAPPORTRYERS

RRB

1950

DRAERS VAN DIE BOODSKAP

# KNAPSAK

UITGAWE 56 | DESEMBER 2025

**In hierdie uitgawe:**

- Boodskap van die President
- Nuwe Bestuur
- Nuwe Lede
- Aksies
- Algemeen

# BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT

# KNAPSAK

**Beste Rapportryers,**



2025 was 'n jaar vol betekenisvolle projekte, prestasies en samewerking. Ons kyk met dankbaarheid en trots terug op alles wat bereik is, en sien met hoop en verwagting uit na die nuwe jaar.

Verskeie projekte het takke regoor die land besig gehou—nie net om samewerking tussen lede te bevorder nie, maar ook om die bewusmaking en relevansie van die Rapportryers verder te versterk.

- Die Ouboet-projek, wat menigte kinders nuwe hoop en blootstelling gebied het. Daarbenewens is 'n Ousus-program by verskeie takke met groot sukses van stapel gestuur.
- Ouetehuis-bederfdae met lekker braaivleis en ware samehorigheid, waar baie oud-Rapportryers woonagtig is en met groot trots oor hul betrokkenheid van destyds kan saamgesels.

**Vooruitsigte vir 2026**

- Die *Rapportryers Landsberaad* is geskeduleer vir **20–22 Maart 2026**. Ons hoop en vertrou dat dit weer 'n groot en betekenisvolle saamtrek sal wees.
- 'n Duidelike fokus op groei, nuwe ledewerwing en die verdere versterking van bestaande takke.

Baie dankie aan **elkeen** vir julle harde werk en betrokkenheid deur die jaar.

Ongelukkig het ons ook vanjaar drie lede aan die dood afgestaan:

- Danie van Wyk – Caledon
- Piet Hoffman – Caledon
- Kol. Ludi Schultze – Hoofkantoorlid

Ons dink in besonder aan hul families wat hierdie Kersfees sonder hul geliefdes deurbring.

Mag Kersfees vir julle 'n tyd van hoop, vrede en vreugde wees. Mag 2026 gekenmerk word deur voorspoed, groei en nuwe geleenthede, en mag ons saam voortgaan om die Rapportryers se erfenis van taal, kultuur en Christelike waardes lewendig te hou.

**Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar!**

*Cilliers de Kock*

# Nuwe Bestuur



***Nuwe bestuur se name van links:***
Rassie Jackson, Fanus Bergh Jnr, Leon Nel,
Hein Steenkamp (nuwe voorsitter)
Jannie Haarhoff, Casper Franken, Andre Annadale

Baie Geluk!

**Hein Steenkamp**
**Nuwe Voorsitter - Newcastle**



# Nuwe Bestuur - Newcastle

# Nuwe Lede




Heindre van der Bank

-Newcastle-

Baie Welkom!

## Nuwe lid - Newcastle

# Nuwe Lede





Stephaan du Toit word ingelyf.
-Caledon-



Baie Welkom!

## Nuwe lid - Caledon

# Aksies










**JAKARANDA KORPS BRING GLIMLAGTE BY CAPPIES AFTREEOORD / OUETEHUIS.**

JAKARANDA KORPS HET ONLANGS 'N HEERLIKE BRAAIDAG VIR DIE INWONERS VAN CAPPIES AFTREEOORD/OUETEHUIS AANGEBIED. DIT WAS 'N VROLIKE, ENERGIEKE DAG VOL PRET EN JOLIGHEID, EN DIE INWONERS HET DIE BEDERF MET GROOT WAARDERING ERVAAR.

# Aksies

HOËRSKOOL WITTEBERG
3h ·

**WITTEBERGERS VEREER DEUR RAPPORTRYERS**

Die volgende leerders is vereer deur die Rapportryers van Bethlehem vir hul uitstaande kultuurprestasies en bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taal.

Van links: AJ Erasmus (Senior Seun), Zané Wessels (Senior Dogters), Mnr. Danie Eichstädt (Bethlehem Rapportryers), Leonelle van Niekerk (Junior Dogter) en Rigardt Strydom (Junior Seun)



## Bethlehem

# Aksies








Vereniging se jaarlikse afsluiting is op die oewer van die Vaalrivier gevier, waar hul saam gekamp, gekuier en heerlike braaie en potjies geniet het. Dit was 'n perfekte manier om die jaar af te sluit—goeie mense, goeie kos en 'n pragtige omgewing.

## Vereniging

# Aksies



Die manne van Newcastle het 'n uitmuntende Vroue-aand aangebied!



BESTE BESTUURSLID
Casper Franken
Fanus Bergh (Voorsitter)



ROERDER VAN DIE JAAR
Andre Potgieter
Fanus Bergh (Voorsitter)



RAPPORTRYER VAN DIE JAAR
Eon van wyk
Fanus Bergh (Voorsitter)

# Newcastle

# Gelofteweek




'n Gelofte kan beskryf word as " 'n verbintenis van die siel", oftewel 'n "plegtige belofte aan God" waarin die persoon of groep wat die gelofte aflê hom onder aanroeping van God "plegtig verbind om iets te doen of na te laat". Indien God beskik wat in die gelofte gevra word, is dit blote genade en nie omdat daar 'n verpligting op Hom rus nie.



**DIE GELOFTE IN AKSIE:**
**'N AAND VAN TOEWYDING EN ERFENIS**

Tydens Gelofteweek by die Voortrekkermonument het ons president, Cilliers de Kock, die voorreg gehad om 'n lantern namens die Rapportryers aan te steek tydens die aandgodsdiens in die Lewende Laer, gelei deur Johan Pretorius, 'n afstammeling van Andries Pretorius — 'n besondere herinnering aan ons ryk erfenis en die geloofsgrondslag waarop ons volk gebou is.
Dit was 'n heilige oomblik van herinnering, geloof en diepe verbondenheid by hierdie besondere gedenkplek.



# Landsberaad 2026




Merk die datum!
Nasionale Landsberaad: 20-22 Maart 2026
Rapportryers, dis weer tyd om skouer aan die wiel te sit en saam koers te bepaal.
Hierdie Landsberaad gaan 'n plek wees vir sterk idees, stewige handddrukke en reguit praat.
Kom staan saam—man tot man—om ons beweging vorentoe te vat.
Maak reg vir 'n naweek vol doel, broederskap en nuwe uitdagings.
Moenie hierdie een laat verbygaan nie!

## Merk die datum

Geseënde Kersfees, Rapportryers!
Mag hierdie feestyd vir jou en jou familie 'n tyd van rus, warmte en kosbare saamwees wees. Dankie vir julle volgehoue toewyding en die manier waarop julle elke jaar die Rapportryer-doelstellings met trots en vasberadenheid uitleef.

Mag julle nuwe krag put, nuwe inspirasie vind en die vreugde van die seisoen ten volle geniet.

Sterkte, seën en 'n welverdiende blaaskans vir elke Rapportryer en sy geliefdes!

# RAPPORTRYERS

# Waarvoor staan ons?

CHRISTENKAP
LIEFDE VIR AFRIKAANS
PROJEKTE
PATRIOTISME
SAMEHORIGHEID
KAMERAADSKAP
AFRIKANERKULTUUR
DIENSBAARHEID
SAMESYN
LEKKER
SPANWERK
LIEFDE VIR SUID-AFRIKA

*Raak Betrokke!*

**Jy kan deel word hiervan**

www.rapportryers.org.za
@Rapportryers - RRB
082 678 7321
admin@rapportryers.org.za

Skandeer

# RAPPORTRYERS